MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

15 September 2020

Beste Ouers

OB 22 – Gr. 4-7

Ons het vandag kennis gekry dat een van ons personeel in kontak was met 'n persoon wat vermoedelik COVID-19 positief is. Ons het ooreengekom dat hy as voorkomingsmaatreël, in selfisolasie sal gaan. Ons het ook 'n verdere voorsorgmaatreël geneem en nog 2 personeellede gaan in selfisolasie, tot verdere kennisgewing. COVID-19 toetse word vandag deur hulle ondergaan.

Protokol bepaal dat ek nie hul name op 'n algemene omsendbrief mag bekend maak nie.

Die veiligheidsmaatreëls by die skool bepaal dat daar nie direkte kontak op die terrein mag plaasvind nie. Personeel het deurlopend hul maskers op, wanneer hulle met die leerders werk. Die protokol bepaal dat indien daar slegs toevallige kontak is, bv. waar 'n persoon in dieselfde vertrek is, die skool nie gesluit hoef te word nie. Ek beklemtoon ook weer dat geen van die personeellede tans enige simptome toon nie, ons tree bloot voorkomend op.

Maatreëls is getref sodat die klasse kan voortgaan met behulp van ander onderwysers en ons onderwysassistente.

Ons wens die personeel sterkte toe. Indien u enige navrae het, is u welkom om my te kontak.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080